thys odendaal

Beeld 19 Des 2007

# Plaaslike opnames vir 'n vakansiegeskenk

In sy konserte en ook met sy CD-katalogus loop Salon Music as private musiekorganisasie met sy eie konsertreeks en musiekwinkel in die Brooklyn Mall in Pretoria twee weë – breed en smal. Dit is die enigste manier om hier te ontkom aan 'n kunstebedryf wat jaar na jaar noodwendig sneller kwyn.

Die kapitalistiese lewensloop vereis die breë pad: die jongste opname vir die groter gehoor heet *Soirée*, met deelname deur sangsoliste wat wat gereeld in Salon-konserte en opera- en operette-produksies opgetree het – Antoinette Olivier en Megan Kahts (soprane), Elizabeth Lombard (mezzo), Righard Linde en Matthew Overmeyer (tenore) en Daniël Verster (bariton).

Die verhoogervaring van dié sangers, uit 'n internasionale oogpunt, is baie beperk – optrede in volwaardige operaproduksies is bitter skaars. Tog, inherent is die vokale materiaal in die meeste gevalle van 'n aard wat die gebrek aan 'n vol loopbaan in 'n mate verberg.

Die musiek op die album ingesluit is van die versoekprogramsoort, en dié groepie sangers waag hulle aan talle nommers wat lank gelede reeds en steeds deur wêreldberoemde soliste op talle internasionale etikette aangebied is.




**■ SOIREE. Met Megan Kahts, Antoinette Olivier, Rigard Linde, Matthew Overmeyer & Daniël Verster. Chamber Singers. Salon Music Ensemble o.l.v. Engeli le Roux (klavier). ☎ 012 346 3474.**

Olivier, Lombard en Verster is die soliste saam met Salon Music se The Chamber Singers in die groot Moses-aria van Rossini.

Die CD eindig ook met dieselfde kamerkoor, maar dan met net Olivier die solis en Ockie Vermeulen voor die Rieger-orrel in die Z.K. Matthews-saal waar die opname gemaak is.

Olivier is baie vaardig met die operette-idioom en haar *Meine lippen . . .* uit Lehár se *Giuditta* is een van die bobaas-vertolkings hier.




**■ REMEMBRANCES. Piet Koornhof (viool) & Truida van der Walt (klavier met Rachmaninof, Schoenfeld, Williams, Bolcom, Scott, Ysaye, Kreisler, Tsjaikofski, Prokofiëf, Kodály & Piazzolla. Perianet PLN.**

Kahts is sekerlik 'n belowende sopraan, baie jonk maar reeds bedrewe, maar soos die bekende *Der Hirt auf dem Felsen* van Schubert suggereer, is haar reeds opvallend goeie asembeheer nog nie sover vasgelê dat sy dié kunslied volkome bemeester nie. Haar en Linde se tenoortimbre pas goed, en die *Mariza*-uittreksel is straks die knapste duet op die CD.

Linde se solo-bydraes, veral *Op my ou ramkietjie*, is preuts-korrek. Overmeyer se stem klink goed,




**■ MICHELLE VEENEMANS. *Bravura!* Mozart, Donizetti, Cilea, Catalani, Gounod, Offenbach & Verdi. Michelle Veenemans (sopraan) & Paul Ferreira (klavier). Cesar's Sound CS0207. ☎ 012 654 3087.**

maar waarom sing hy die straatliedere met 'n Pavarotti-kinkel?

Lombard sing *They Can't Take that Away* oortuigend.

Die *Barbiere*-duet tussen Kahts en Verster toon 'n opvallende gebrek aan Rossiniaanse elastisiteit. Dié bariton het nie 'n onaangename stem nie, maar die eenselwigheid van aanbieding is uitputtend op die oor.

Die Salon Ensemble is keurig. Soms is Engeli le Roux se spel té nadruklik wat die ritmiese patroon



**■ PHILIP MILLER: *Shona Malanga*. Kort werke vir kamerkoor en kamer-ensemble. Onder meer *Hamba Kahle Umkhonto, Korosetina, Shosholoza, Mandela, Senzeni Na & Blue Crane*. Next Music 4021142.**

enigsins versteur. Die aanslag werk goed in 'n konsert, maar dit is té sterk vir 'n opname.

Die vioolspel van **Piet Koornhof**, eens in concerto's en nou meestal in kamerensembles, was deur die jare bewonderenswaardig. Sy solo-CD is meer as welkom. Sy *Remembrances* – opgedra aan sy vader, Korie Koornhof, wat in 2003 oorlede is en bekend was in die musiekbedryf – is ook 'n album wat wyd sal byval vind.

Truida van der Walt, 'n ervare




**■ AN INTERNATIONAL COLLECTION OF CHORAL MUSIC. CD1 – UP Camerata o.l.v. Johann van der Sandt met musiek uit talle lande. CD2 – Video's op DVD deur Orcansu Productions. Kode 00175 LC03695.**

kollega aan die NWU-musiekskool in Potchefstroom, is voor die klavier, en met uitstekende gevolg.

Die CD is rustig, feitlik deurgaans reflektief en dit pas Koornhof se ferm lirisme uitstekend.

Hoogtepunte is die drie prag-temas uit die Spielberg-rolprent *Schindler's List*, waaronder die titel-snit; Bolcom se baldadiger, jazzerige *Graceful Ghost*, 'n prag-weergawe van Ysaye se *Rêve d'enfant*, die Kodály-*Adagio* en die slepende *Oblivion* van Piazzolla.

Die Pretoriase sopraan **Michelle Veenemans** het klaarblyklik haar vokale flair aan moederskníe ontwikkel, met ma Barbara steeds betrokke in haar dogter se loopbaan. Vroeg vanjaar het koloratuur-dogter Michelle *Bravura!* opgeneem, met mams as musiekregisseur.

Veenemans is weer kniediep in nogal waaghalsige koloratuur-arias, meestal bekend en eie aan dié rats en sterk stem, maar dankbaar ook twee Mozart-konsertarias en *Ach, ich Liebe* uit *Die Entführung*. Later, uit dieselfde opera, die "onmoontlike" *Martern aller Arten*, maar met minder panache. Haar begeleier, Paul Ferreira, blyk ewe onverskrokke te wees, en meestal is die twee hoogs opwindend. Jammer dat ons sangers so bittermin die kans kry om saam met vol opera-orkeste te sing.

Die Johannesburgse komponis **Philip Miller**, wat heelparty keer met William Kentridge saamgewerk het, se *Shona Malanga* is 'n fassinerende prestasie en verdien om meer breedvoerig voorgestel tot word vroeg in die Nuwejaar.

Die UP se **Tuks Camerata** is 'n kamerkoor van hoë artistieke vermoë, en onder Johann van der Sandt van wêreldgehalte. Die versameling van oral is uitsonderlik en verdien 'n latere bespreking.